Bylaag tot *Koers*, Junie 1956.

# DIE VOLKEKUNDE „IN U LIG."

(Inougurele Rede gehou by die aanvaarding van die professoraat in Volkekunde en Naturelleadministrasie aan die P.U. vir C.H.O., op 17 Februarie 1956, deur prof. dr. J. H. Coetzee).

## I. INLEIDING

### 1. Beperkings van die Onderwerp.

Tot tema waaroor ek enkele gedagtes wil uitspreek, het ek gekies: „die Studie en beoefening van die Volkekunde in U lig".

Ek het my doelbewus die beperkinge opgelê wat in die opskrif vervat is. Want dit is in die eerste plek nie my doel om aan u 'n etnografiese monografie, d.w.s. die gesistematiseerde resultate van 'n oorspronklike empiriese studie van die materiële en geestelike kultuur van een of ander sogenaamde primitiewe volk of stam, voor te lê nie. Dit is ook nie die plan om aan die hand van bevindinge en beskouinge van ander vakwetenskaplikes een of ander opvatting oor die etnografie en/of etnologie in besonderhede te beoordeel nie.

My doel is eerder om die aandag te probeer vestig op 'n bepaalde uitgangspunt van die navorser en dosent by die studie en beoefening van die Volkekunde as wetenskap en na my beperkte vermoë te trag om die belangrikste implikasies van sodanige standpuntkeuse vir die genoemde vakwetenskap na te gaan. Die toespitsing sal dus wees ten opsigte van enkele breë lyne eerder as op besonderhede.

2. **„In u Lig".**

Die bedoelde besondere uitgangspunt is in die titel gegee in die woorde „in U lig". Dit kon ook anders weergegee gewees het as „calvinistiese" of „gereformeerde" Volkekunde, maar die keuse het op hierdie omskrywing geval omdat dit die beleidgewende leuse van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys is en as sodanig duidelik genoeg behoort aan te dui wat die besondere standpuntstelling vir die beoefening en uitbouing van die wetenskap in sy geheel en vir elk van sy onderafdelinge impliseer.

By die keuse van hierdie onderwerp en van die omskrywing daarvan is dit geensins my bedoeling om 'n bewys of 'n pleidooi te probeer lewer vir die goeie gronde van 'n wetenskapsbeoefening „in U lig" en vir die bestaansreg van 'n Christelike Volkekunde nie. Sodanige bewyslewering mag nog in sommige sogenaamde liberale of neutrale wetenskaplike kringe nodig wees maar seer sekerlik nie meer aan hierdie akademie nie. Die beoefening van die Volkekunde as wetenskap „in U lig", d.w.s. in die lig van die openbaring van God in natuur en Skriftuur[1], moet opgevat word as 'n vanselfsprekendheid; meer nog, as 'n roeping en verantwoordelikheid. Wat ek dus wel wil probeer doen is om in die breë aan te dui hoedat die bepaalde wetenskap in sy inhoud en metodologie beïnvloed sal word deur hierdie a priori. Ongelukkig kan dit nie gedoen word sonder kritiese verwysing na die bestaande struktuur daarvan nie. Op die keper beskou, kom dit daarop neer dat nagevors moet word hoedanig die gegewens wat deur die natuur gegee en hoofsaaklik deur nie-gelowiges versamel, gewaardeer en geïnterpreteer is, belig word deur die openbaring in die Skriftuur.

3. **Navorsing in drie Dimensies.**

Terloops moet hierby opgemerk word dat die beleidsleuse van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. aan die navorsing wat deur sy akademiese personeel verrig word, 'n ekstra eis oplê. Terwyl die navorsing aan die sg. neutrale universiteite as „twee-dimensionaal" beskryf kan word —d.w.s. dit gaan in die diepte (intensiewer kennis) en in die breedte (meer vertakkinge van die wetenskap)—moet ons navorsing „drie dimensies" aantoon: in die diepte, in die breedte en in die hoogte.

Benewens wat gewoonlik gedoen word aan verdieping en verbreding van kennis van die empiriese, kom vir die P.U. die eis by van prinsipiële navorsing, die siening van die diepte en die breedte onder die Lig uit die hoog-

1. Nederl. Geloofsbed. art II.

te. Nou mag die verwyt van „Prinzipienreiterei" ons wel toegeslinger word, maar dit sal alleen kan tref indien die P.U. hom net eensydig gaan wy aan 'n skolastiese en van die aktiewe lewe geïsoleerde spekulasie oor prinsipes met totale verwaarlosing en vermyding van die ander.

Die reeds genoemde beperkinge wat deur die gekose onderwerp opgelê word, behels ook nog dit dat ek my veel meer moes verlaat op eie siening van die saak as op die bevindinge en uitsprake van erkende vakkundiges, aangesien, soos verder aangetoon sal word, die Christelike benadering van die vak 'n nog byna totaal onbekende is.

## II. DIE HUIDIGE STAND VAN DIE VOLKEKUNDE

### 1. Bestaande verskille.

Ter inleidende oriëntering is dit nodig om kortliks 'n blik te neem oor die huidige stand van en neiginge in die Volkekunde. Dit pas nie by hierdie geleentheid en in hierdie onderwerp om 'n gedetailleerde oorsig te gee van al die nog bestaande meningsverskille oor die aard, terrein van ondersoek en metodologie van die Volkekunde as wetenskap nie. Dit is voldoende om daarop te let dat die Anglo-Amerikaanse siening van hierdie wetenskap aansienlik verskil van die Europeeskontinentale met die Duitse aan die spits, en dat daar selfs ook nie eenstemmigheid bestaan tussen die Engelse (social) Anthropology en die Amerikaanse (cultural) Anthropology nie.

Soos die pas gebesigde terminologie suggereer, word hierdie wetenskap in Engeland veral, maar ook in Amerika, ingepas in, en eintlik ook ondergeskik gestel aan, die Antropologie—„the Science of Man"—wat dan in die eerste plek as 'n biologiese (Kroeber: organiese), d.w.s. natuurwetenskap beoefen word en uit die aard van die saak sterk beïnvloed moes word deur die leer van Darwin. Die Duitse „Völkerkunde"—as eintlik die sterkste ontwikkelde tak van dié wetenskap op die Europese vasteland—het in sy aanvangsjare sterker onder die invloed van die Romantiek as van die Darwinisme gestaan en toon vandag nog die vrug daarvan. Uitgaande van die *volk* as kernbegrip, is „Völkerkunde" hier in die eerste plek *kultuurwetenskap;* hoewel Mühlmann meen dat dit 'n te enge beperking oplê en self al getrag het om dit onder die koepel van die antropologie te bring.

Afgesien van die uit die voorgaande voortspruitende metodologiese verskille bestaan daar nog geensins eenstemmigheid oor die vraag of die studie beperk is tot die kulture en/of strukture van die sogenaamde primitiewe volke nie—waar die grens tussen primitiewe en ontwikkelde, natuur- en kultuurvolke ook al getrek mag word—; ook nie oor die vraag of die hoofklem moet val op die kultuurskeppinge en vorme of op die strukture en sosiale verbande by die te bestudere gemeenskappe nie.

2. **Gemeenskaplike opvattinge.**

Wat die verskille ook al mag wees, in die praktyk het sowel die kulture as die strukture van veral die sogenaamde primitiewe of skriflose of natuurvolke—vanuit Europese gesigspunt so genoem—die aandag van Volkekundiges in beslag geneem. En onder al die verskil bestaan daar ten minste 'n belangrike mate van ooreenstemming oor die verdeling van die Volkekunde in twee onderafdelings, t.w. 'n beskrywende en 'n vergelykende, die Etnografie en die Etnologie. Die Etnografie het as hooftaak, feitlik as enigste taak, die beskrywing van volke of volksgroepe met die klem dan op die kultuur—materieel sowel as geestelik—of op die struktuur, na keuse en insig van die navorser. So lewer die Etnografie dan die materiaal vir die vergelykende teorievormende studie, die Etnologie.

3. **Taak van die Volkekundige.**

Een terloopse opmerking is hier seker nie onvanpas nie, nl. dat dit uit die voorgaande blyk dat die taak van die Volkekundige eintlik iets anders is as wat die populêre mening in Suid-Afrika aan hom toeskryf. Die Volkekundige is geen rassekundige nie: dit gaan hom wesentlik nie om die verskil in rassetipes en om die rassebiologie nie. Dit is hom in die eerste plek te doen om die aard van die volkskulture, waarby die rassekundige gegewenhede van bykomstige, hoewel soms waardevolle, betekenis is, en om die ooreenkomste en verskille in die kulture, om die kultuurprosesse en die uitkomste van kultuurkontakte. Streng gesproke raak die suiwere rasseprobleem, ook in ons land, die volkekundige as wetenskaplike alleen vir sover dit terselfdertyd 'n vraagstuk is van volkere- en kultuurkontakte. Hy kan hoogstens geïnteresseerd wees in die proses van kultuurkontakte en hulle moontlike resultate. Staatsbeleid in die verband moet beoordeel word deur staatkundiges en administrateurs. Die volkekundige as volkekundige kan alleen 'n uitspraak probeer gee oor te verwagte gevolge van bepaalde staatsbeleid en administratiewe reëlings vir sover dit die aanraking van volke en die wedersydse beïnvloeding van hulle kulture betref. Tog speel volkekundiges geen geringe vormende rol in die Suid-Afrikaanse staatsbeleid en administrasie met betrekking tot die rasseverhoudinge nie, juis omdat dit in eerste en laaste instansie nie 'n kwessie van ras en van biologie, van velpigmentasie en van somatiese voorkoms is nie maar wel 'n verskil van volkskulture wat van rassekant wel beïnvloed en bemoeilik word deur die omstandigheid dat die in aanraking synde volke insidenteel ook tot twee duidelik onderkenbare rasse behoort, sodat die kultuurverskille geaksentueer word deur maklik waarneembare uiterlike verskille. Sielkundig is

die situasie verder gekompliseerd deurdat vir die deursneebevolking die kultuur- en beskawingsverskille, gaandeweg veral aangehelp deur drie eeue van gewelddadige konflik, geprojekteer is op die somatiese.

## III. OPENBARING EN WETENSKAP

Wanneer gevra word na die bydrae wat die besondere openbaring, die Skriftuur, gelewer het en kan lewer tot die opbou van 'n wetenskap soos die onderhawige, gaan die gedagtes allereers in die rigting van watter regstreekse feitegegewens die Bybel oor die onderwerp bevat. Hier kom die byna vanselfsprekende waarskuwing te pas dat die Heilige Skrif hoegenaamd geen etnografiese monografie, geen etnologiese dissertasie of handboek oor die Volkekunde is nie. In die geopenbaarde en opgetekende Woord van God word vir ons ontvou „die Goddelike plan van Verlossing soos gesentraliseer in Jesus Christus, die Middelaar van God en die mense".[2] Dit bevat „die heilige Evangelie, wat God self eers in die Paradys geopenbaar het en daarna deur die heilige aartsvaders en profete laat verkondig en deur die offerandes en ander seremonies van die Wet vooraf laat afbeeld het en eindelik deur Sy eniggebore Seun vervul het."[3]

## IV. DIE BYBEL EN DIE VOLKEKUNDE

### 1. Regstreekse Skrifgegewens.

Tog is die Skrifte, ook wat regstreekse feitebydrae betref, nie van betekenis ontbloot vir die ondersoek van hierdie studieterrein nie, want die hoofmomente in die Skrif—skepping, sondeval, verbond, belofte en vervulling van die verlossing—is ingeweef in die geskiedenis van die verbondsvolk, Israel, in sy voorgeskiedenis, sy bloei en verval, sy meesal droewige kontak met ander volke. Dit loop deur die heerlik aangrypende verhaal van die uitdra van die Evangelie van verlossing tot die heidense volke in die Ooste en in die Weste, in Asië, Europa en Afrika. Selfs nog in die finale apokalipse, in die eindgesigte van Johannes, aanskou ons die byeenversameling van Gods uitverkore *volk*, dié volk van alle eeue, uit alle volke en nasies en stamme en tale van die wêreld.[4] Die heilige geskiedenis speel af in 'n bepaalde wêreldsituasie of wel -situasies met hulle volkerelewe, politieke en sosiale verbindinge, geografiese en staatkundige grense, sodat vermelding van die volke en hulle kulture nie vreemd is in die tydspan waarin die skepping, sondeval, en verlossing, verhalend geopenbaar word nie.

---

2. Du Toit, J. D.: **Die Bybel is die Woord van God**, bl. 42.
3. **Heidelb. Kategismus**, antw. op vr. 19.
4. **Openbaring 7:21.**

2. **Volkekunde, Argeologie en Geskiedenis.**

Vir die Volkekundige, hetsy dat hy etnografie of etnologie bedryf, bly die Heilige Skrif 'n kenbron ook wat die bloot feitlike gegewens betref. Weliswaar behoort baie van hierdie gegewens ewe-eens tot die argeologie of voorhistoriese en gedeeltelik tot die veld van die historiese. Sowel aan die argeologie, die wetenskap van die nie teboekgestelde, meesal begrawe relaas van die, uiteraard, ouer en oudste kulture en beskawings as aan die geskiedenis, die gedokumenteerde verhaal van die lotgevalle van volke in bepaalde fasette, waarvan die staatkundig-politieke die belangrikste is, is die Volkekunde onlosmakelik verbonde. Dit mag Graebner miskien wel verwyt word dat hy die Volkekunde te historisties benader en die grense tussen Volkekunde en Geskiedenis te veel laat vervaag, maar nog minder kan ek my verenig met Malinowski en sy funksionalistiese skool met hulle ernstiger dwaling van 'n a-historiese siening, benadering en beskrywing van die kulture en strukture van stamme en volke.

3. **Bydrae van die Skrif tot die Etnografie.**

Suiwer as bron van historiese gegewens lewer die Heilige Skrif 'n hoeveelheid belangrike etnografiese kennis, veral natuurlik aangaande Israel maar tog ook aangaande die volke waarmee Israel in aanraking gekom het. Daar is die geskiedenis van die ontstaan en wording van 'n volk in bepaalde geestelike afsondering, sy omswerwinge, sy lewenswyse, sy materiële kultuur, die vorm en verandering van sy sosiaal-politieke organisasie; sy kultuurkontakte met ander volke; sy godsdiens en godsdienstige belewing: besnydenis, offer, priesterdom, reiniging, ens., ens.

In vergelyking met die geweldige hoeveelheid materiaal wat deur Volkekundiges reeds versamel en verwerk is, is die opmerking geregverdig dat bogenoemde e.a. voorbeelde van etnografiese gegewens wat aan die Skrif ontleen kan word, per slot van rekening 'n onbelangrike bydrae tot die opbou van hierdie wetenskap lewer. Maar daarby moet ook erken word dat suiwer metodologies gesien, die ware wetenskaplike navorser geen bron van gegewens heeltemal waardeloos ag of mag ag nie. Bloot om hierdie rede al mag die Heilige Skrif nie verbygegaan en geïgnoreer word nie.

4. **Regstreekse Skrifgegewens en die Etnologie.**

Van ongetwyfeld groter belangrikheid is die Skrifgegewens vir die Etnologie of vergelykende Volkekunde. Laat ons dit illustreer aan die hand van enkele voorbeelde gekies uit die studie van die sogenaamde oorsprongsprobleme. Die Heilige Skrif is, as Openbaringswoord, ryk aan gegewens

oor die vraagstukke in die Volkekunde na die oorsprong van sekere sake en verskynsels.

(a) Die Drietrappe-teorie.

Die bekende Britse ekonoom, Adam Smith, het in die laaste deel van sy beroemde werk, „The Wealth of Nations", drie stadia in die ontwikkeling van volke getipeer:[5] „nations of hunters, the lowest and rudest state of society"; „nations of shepherds, a more advanced state of society" en „nations of husbandmen, a yet more advanced state of society". Hoewel Smith nie uitdruklik beweer dat dit drie opeenvolgende stadia of trappe in die ontwikkeling van volke is nie, laat sy woordkeuse eintlik geen ander interpretasie toe nie as dat daarin 'n bepaalde ontwikkelingsgang veronderstel word. Hierdie rangordening van volke en kulture op grond van die vorme van broodwinning is deur Volkekundiges aanvaar as opeenvolgende stappe in die kulturele ontwikkelingsproses, al sou al die bekende volke nie al drie die trappe beleef het nie. Op grond van empiriese bevindinge is dit later wel tot wysiging gedwing vir sover die trappe nie noodwendig as konsekutiewe stadia aanvaar is nie. En tog kleur en beïnvloed dit nog die mees moderne volkekundige skrywers in hulle uitgangspunt aangaande en hulle beoordeling van volkekundige teorieë.

Watter lig werp die Skrif nou hierop? Dit naamlik dat volgens die geskiedenis van Kain die landbouer en Abel die veeteler,[6] die landbou en veeteelt as ekonomiese kultuurvorme gelyktydig langsmekaar ontstaan het. Die gelowige Volkekundige kan derhalwe in die eerste plek nie tot hierdie valse veralgemening verval nie. Volgens Genesis kom die metaalbewerking eers later in die geslag van Lameg deur die uitvindinge van Tubal-Kain[7] waardeur die jagterstadium klaarblyklik bevorder moes word, Dit is uit die aard van die paradystoestand ondenkbaar dat die jag as vorm van broodwinning beoefen sou word, terwyl landbou sowel as veeteelt daar wel tuis sou wees. Die jagterstadium moet dus as 'n latere en wel 'n soort kulturele vervalperiode beskou word. Ook die Noagsgeskiedenis na die Sondvloed dui daarop dat die landbou ten minste nie noodwendig 'n *latere skakel* in hierdie ontwikkelingsketting is nie, al mag dit beskou word as 'n *hoër trap.* Metodologies en prinsipieel van belang is dat met *progressie* sowel as met *retrogressie* rekening gehou moet word by die navorsing in hierdie verband.

---

5. Smith, Adam: **The Wealth of Nations**, Dl. II, bl. 208.
6. Gen. 4.
7. Gen. 4.

(b) Noag: die herkoms van die Volke.

'n Tweede voorbeeld van die Skrif as bron van etnologiese gegewens of as lig ter verklaring van etnologiese vraagstukke word ook gevind in die Noagsgeskiedenis en wel in die gegewens oor sy seuns en hulle nakomelinge. Hier is die voorvaders van die huidige volkerewêreld.[8] Hier moet ons soek na die antwoord op die vraag oor die eenheid (veral) en die verskeidenheid, ooreenkoms en verskil in die volkerewêreld wat Adolph Bastian wou beantwoord met 'n vernuftige skepping van die terme „Elementärgedanke" en „Völkergedanke".[9] Aan die name van die seuns van Noag dank ons bowendien vandag nog die benaming van bepaalde volksgroepe en -kulture, soos die Semiete en die Hamiete. Eersgenoemde ken ons veral in die Joodse volk, terwyl die afkoms van ons Bantoes ten minste gedeeltelik teruggevoer word tot grootveetelende Hamitiese volke uit Asië deur 'n proses van etnologiese en kulturele vermenging in die noordelike binnelande van Afrika.[10] Gen. 7-10 staan hier in regstreekse teenspraak met die antropologies-volkekundige soektog na die menslike voorsate onder die antropoïede-afstammelinge in alle ander wêrelddele.

(c) Babel: Spraakverwarring en Volkereverspreiding.

Die histories hoogs belangrike gebeure van die toringbou van Babel, die daaruitvolgende vloek van spraakverwarring en voortspruitende volkereverspreiding, volksvorming en verdere taaldifferensiëring vind vandag weinig of geen erkenning in die gangbare etnologie en teorieë oor kultuurverspreiding nie. Die gelowige Volkekundige kan hom egter nie sonder meer afmaak van hierdie Skrifgegewens, hoe vaagbelynd ten opsigte van tyd en die presiese wyse waarop die gebeure voltrek is, dit ook al mag wees. Nieteenstaande die besware van die kant van taalkundiges dat taaldifferensiasie langsamerhand ontstaan en dat 'n skielike spraakverwarring dus as onmoontlik beskou moet word, staan dit hier voorop dat ons met 'n regstreekse ingrype van God, met 'n wonder, te doen het—'n begrip wat veral vir die positivistiese wetenskap totaal onaanvaarbaar is—en dus met 'n radikale, „einmalige" veranderingsverskynsel in die volkerelewe en kultuurdifferensiëring. Hierin lê troues die grondgegewe wat sowel die verwantskap as die verskeidenheid van die groot taalfamilies kan verklaar.

---

8. Bakker, F. L.: **Gesch. der Godsopenbaring. Het oude Test.** bl. 56.
9. Mühlmann, W. E.: **Geschichte der Anthropologie**, bll. 95 e.v.
10. Eiselen, W. W. M.: **Die Suid-Afrikaanse Inboortinge**, bl. 336 in Van der Walt, Wiid en Geyer: **Geskiedenis van Suid-Afrika, dl. II.**

(d) Kultuurkontakte:

'n Verdere voorbeeld uit die Skrif van sowel etnografiese as etnologiese betekenis is die gegewens oor die vandag ook weer uiters aktuele onderwerp van aanrankingspunte tussen volke en die daaruitspruitende kultuurkontakte en akkulturasieprosesse. Uit 'n menigte voorbeelde val die keuse hier op wat verhaal word in die eerste verse van Num. 25—die geskiedenis van die vermenging met Moab na Balak se vergeefse pogings om Israel deur Bileam te laat vervloek. Ook Bileam se advies[11] staan in die lig van die kennis van die algemene „Völkerpsychologie". Besonder sprekend hierin is twee sake: eerstens dat vreedsame verhoudinge kultuuroorname en die akkulturasieproses bevorder en tweedens dat kulture met 'n hoëre ethos en religie die neiging openbaar om ten opsigte van sede en religieuse inhoud in die aanrakingsproses met 'n kultuur van laere etiese en religieuse norme neergehaal te word na die norme en gebruike en lewensinhoud van laasgenoemde. Die sondige menslike predisposisie tot regressie eerder as tot progressie ten opsigte van die sedelike is dan ook reeds aangedui in die woorde van Gen. 6 oor die vermenging van die seuns van God met die dogters van die mense. Opmerklik is dit ook dat dit in Num. 25 juis so geskrywe staan: „die volk (het) begin hoereer met die dogters van die Moabiete". So word hier nog 'n voorbeeld gelewer van die algemene bevinding van die Volkekunde en van die Geskiedenis: die mans van die hoëre (van die veroweraars-) volk verswaer hulle, in die woorde van Preller, met die vroue van die laere (verowerde volk) hetsy egtelik of buite-egtelik.

Hierdie enkele grepe meen ek behoort reeds genoegsaam aan te toon hoedat die volkekundige navorser wat eerlik wil deurdring tot die waarheid oor gebeure wat in die skemering van die verre verlede versluier geraak het nie tevergeefs in die Heilige Skrif na lig en na nuwe perspektiewe sal soek nie —te meer so as hy die Skrif aanvaar as absolute, geopenbaarde waarheid. Want alleen as die navorser dit doen as gelowige, gaan daar verdere deure oop. In die lig van die afgeleide of onregstreekse Bybelse gegewens, die prinsipes, die Bybelse Gods- en mensbeskouing, lewens- en wêreldsiening, die openbaring aangaande God en Skepping, gaan daar ook lig op oor sy volkekundige probleme.

---

11. Num. 31:16,

5. **Die Bybelse Prinsipes en die Volkekunde.**

(a) **Evolusionistiese inslag in die Volkekunde.**

Radin, self geen prinsipiële teenstander van die Darwinisme nie, maak die Volkekundiges vanaf Tylor die verwyt[12] dat hulle die Volkekunde in 'n enigsins ondergeskikte en sekondêre posisie geplaas het, t.w. „that of helping to establish specific stages in the evolution of culture", en „that of examining the validity of the theories of the evolutionary school". Dittmer se kritiek hierteenoor is nog veel bytender: „Die imponierende Entfaltung der Naturwissenschaften und die rapide Entwicklung der Technik mit dem daraus ergebenden Fortschrittsglauben führten zu dem unangebrachten Versuch, naturwissenschafliche Methoden auch in der Anthropologie und Völkerkunde anzuwenden und gesetzmäszige (einlinige) Entwickelungslinien in das Völker- und Kulturleben von den „primitiven" Anfängen bis zum gegenwärtigen zivilisatorischen Hochstande hineinzusehen. Dieser naive *Evolutionismus* suchte sich die Mosaiksteinchen zu seinem so geschlossenen wirkenden Bilde der Menschheitsentwicklung unwissenschaftlich wahllos aus dem etnographischen Material—das dazu auf seine Verläszlichkeit gar nicht geprüft wurde—heraus".[13]

Alhoewel kritiek en verwyte in die sin en gees van bogenoemde sitate geensins volop is nie, ontbreek dit, afgesien van die klaarblyklike inhoud en gees van haas elke werk oor die Etnologie, nie aan bevestigende uitsprake oor die basiese inslag van die Darwinistiese evolusieleer in die Volkekunde nie. Hoebel volg sy stelling dat „the principle of evolution is the foundation stone of anthropology in its biological aspect" konsekwent op met 'n verhandeling oor die mens én sy kultuur in die beste evolusionistiese trant.[14] Keane wys daarop dat sedert die verskyning van Darwin se *Origin of Species* „special branches of the subject, such as the evolution and antiquity of man, primitive culture, the Stone and Bronze Ages, and the origin of civilization, have been treated by several evident men of science."[15]

Boas stel dit as aksiomaties: „Since anthropology deals with mankind as a whole, the problem of the earliest appearance of man and his rise from lower forms, the differentiation of human races, and the development of languages and of cultural forms are included in its field of researches".[16]

Ek meen dat in hierdie uitsprake—gekies uit 'n rykdom van dieselfde

12. Radin, P.: **The Method and Theory of Ethnology,** bl. 3-4. Vgl. ook bll. 61, 130-131.
13. Dittmer, K.: **Allgemeine Völkerkunde,** bl. 8.
14. Hoebel, E. A.: **Man in the Primitive Worls,** bl. 9.
15. Keane, A. H.: **Ethnology,** bl. vii.
16. Boas, F.: **General Anthropology,** bl. 1.

gees en strekking—die oorheersende karakter van die Volkekunde vanaf sy bloeiperiode in die negentiende eeu tot vandag geteken is. Die logiese konsekwensie van die aanvaarding van die ontwikkelings- en afstammingsleer in die Fisieke Antropologie in die sin van Darwin en sy navolgers se vertolking daarvan is die deursuring van die Etnologie of „sosiale antropologie" met dieselfde hipoteses sowel in inhoud as in metode en interpretasie.[17] Radin[18] se kritiek op Boas e.a. nl. dat hulle besondere volkekundige metode—gebaseer op 'n natuurwetenskaplike benadering—daartoe lei dat die ondersoek van die tot dusver onbekende volke moet uitgaan van die veronderstelling dat hulle aanvanklik kultuurloos was, dui presies aan tot watter besluit die Darwinis noodwendig moet geraak op grond van sy uitgangspunt. Synde afstammeling van die antropoïede *moes* die eerste mens kultuurloos—in alle opsigte—gewees het.

(b) **Die Skeppingsleer.**

Stel nou daarteenoor die Skeppingsleer van die mens geskape na Gods beeld en gelykenis,[19] in heerlikheid en heiligheid[20] met as onmiddellike kultuuropdrag om die tuin van Eden te bewerk en te bewaak en as eerste duidelik geformuleerde taak om die diere hulle name te gee.[21] Hierdie uitgangspunt moet lei tot 'n ander opbou en sisteem in die volkekundige wetenskap en kultuurteorie. Weliswaar verhaal die Skrif ook eers die vervaardiging van sekere materiële kultuurgoedere soos klere, tente, metaalwerktuie, musiekinstrumente ná die sondeval en opmerklik juis in die lyn van die ongelowige Kainsgeslag. Uit hierdie hele Genesisopenbaring blyk dit dat in die oorspronklike paradys-situasie voor die val die materiële kultuurgoedere eintlik sekondêr teenoor die geestelike, die religie-sentriese gestel is, omdat die behoefte daaraan ontbreek het.

Eers nadat die mens ten gevolge van sy sonde sy naaktheid ontdek, kom hy tot die vervaardiging van die eerste primitiewe kledingstukke—skorte van vyeblare—en gee God hom in Sy ewige ontferming 'n duursamer, hoewel nog eenvoudige, liggaamsbedekking van diervelle ter wille van beskutting en van betaamlikheid.[22] Dit is opmerklik dat sowel in hierdie geval, as by daardie geweldige materiële kultuurprestasie en geloofsmonu-

17. Vgl. die stelling van Hoebel, a.w. bl. 9.
18. Radin, a.w. Hfst. 1.
19. Gen. 1:27; 2.
20. **Ned. Geloofsbel.** art. xiv. Vgl. verder ook **Heidelb. Kat.** vr. en antw. 6; Bakker, a.w.
21. Gen. 2:15, 19, 20.
22. Henry, M.: **Verklaring van het Oude Testament,** bl. 37.

ment, die bou van die ark, net soos in die geval van die tabernakel en sy inhoud, die Here self optree as leermeester vir die uitvoering van die werk. Hierin lê hoogs waarskynlik belangrike beginsels opgesluit vir die navorsing aangaande die vraagstukke van kultuuroorspronge en -verspreiding.

(c) **Sondeval en behoefte aan materiële kultuurgoedere.**

Nadat die aarde vervloek is ter wille van die mens se ongehoorsaamheid, word die behoefte aan die materiële, die implemente om die aarde te tem en te dwing om sy karige lewensonderhoud te gee onder die moeitevolle arbeid van die verswakte mens en om die lewensmarte te lenig, in al sterker mate ervaar. Kleding is nou nodig en tente ter beskutting teen die elemente van die natuur—hulpmiddele wat in die Paradys onnodig was; wapens teen die aanslae van moorddadige menslike en dierlike vyande, musiek ook vir die bewoë hart wat die rus in God nie meer ken nie. In sekere sin gaan die sterk dalende lyn in die sedelik-religieuse kultuurinhoud en -vorme volgens hierdie openbaring gepaard met 'n stadig klimmende lyn in die materiële kultuurgoedere. Die beginsel wat hierin behels is, raak m.i. meteen ook ons kultuur- en beskawingsbegrip in sy kern en stel die etnologiese navorser en kultuurwetenskaplike voor die vraag oor watter norme hy aanlê en watter waarde hy hulle toesê by die meting van beskawings- en kultuurontwikkeling. In elk geval behoort dit die gelowige navorser te waarsku teen en te behoed van 'n al te kwistige en onverantwoorde gebruik van die term **ontwikkeling** in al sy verwante en afgeleide terminologie —'n terminologie wat uiters populêr is in die gangbare, evolusionisties gefundeerde Volkekunde.

(d) **Die etnologiese religie-teorieë.**

Onnodig, sinloos en vals word dan ook die spekulatiewe hipoteses oor die dierlike afstamming van die mens en die verskillende etnologiese teorieë oor die oorsprong van die menslike taal, regte, religie e.d.m. wanneer die Goddelike Skepping van die mens volgens Genesis aanvaar word . Van besondere belang is die etnologiese religie-teorieë in die verband. Prof. Bellon wys tereg daarop dat deur Hegel die „evolutiebeginsel in natuur en geest" ingevoer is en 'n plek daarvoor verkry is in die vergelykende Godsdienswetenskap.[23] Die ontwikkelingsgedagte op Darwinistiese lees is deur Spencer in Engeland en die materialisme en positivisme deur Feuerbach in Duitsland in die studie van die godsdienste van primitiewe volke ingelei. „Het was dan niet te verwonderen", besluit Bellon, „dat de positivistische

23. Bellon, K. L.: **Inl. tot de Verg. Godsdienstwetenschap**, bl. 70.

en evolutionistische methode met even groote verwachtingen op de studie der menschheid word overgedragen".[24]

(i) Animisme en Preanimisme.

Ter illustrasie gee ons aandag aan slegs enkele voorbeelde op hierdie terrein. Tylor het sy monumentale werke, waarin hy eintlik die grondslag van die Engelse Volkekunde gelê het, hoofsaaklik gewy aan 'n studie waarin hy meen aan te toon dat die mens in sy volkere- en kultuurverband religieus gevorder het vanaf 'n animistiese religie, d.w.s. vanaf 'n geloof „in souls of individual creatures, capable of continued existence after death or destruction of the body" tot 'n hoër stadium van geloof in „other spirits upward to the rank of powerful deities",[25] wat hy in die tweede deel van sy boek as politeïsme beskryf.[26] Tylor wys self daarop dat sy teorie gebaseer is „on a theory of development or evolution".[27] Tylor se teorie van die Animisme as oer-religie, of religie van die vroegste en oudste volke en kulture, en die ontwikkeling daarvandaan na 'n politeïsme of veelgodedom is na twee kante aangevul. Sy leerling en opvolger Marett en die Duitser Th. Preusz tesame met ander het probeer om met hulle leer van die preanimisme 'n nog ouer religievorm in die ontwikkelingsgang vas te stel. Terwyl Marett aansluiting gevind het by Tylor se gedagtes oor die mitologie, en in die geloof in 'n lewensgees of in die animatisme die oorsprongslaag van die religie meen te vind, sien Preusz die oplossing in die onderliggende towergeloof.[28] Aan die ander kant het A. Lang getrag om die ontwikkelingstrappe vanaf Tylor se politeïsme tot 'n monoteïsme bloot te lê.[29]

(ii) Oermonoteïsme, Dema-godheid.

Jensen meen dat daar drie omvattende teorieë oor die oorsprong van die religie opgestel is.[30] Daarvan was dié van Tylor die invloedrykste, en daarby het die preanimistiese towerteorie van Marett en Preusz hulle aangesluit. As derde skool noem hy die oermonoteïstiese soos ontwikkel deur Andrew Lang en P. W. Schmidt.[31] Die uitgangspunt van hierdie skool is dat daar aan die begin van die religiegeskiedenis 'n geloof bestaan het aan 'n „all-gütiges, all-mächtiges Höchstes Wesen" en dat hulle dit aan die hand

---

24. Bellon, a.w. bl. 112.
25. Tylor, B. E.: **Primitive Culture**, dl. I., bl. 426.
26. Tylor, a.w. dl. II, veral hfst. XVI.
27. Tylor, a.w. dl. I, bl. VII.
28. Jensen, A. E.: **Mythos und Kult bei Naturvölkern**, bll. 251 e.v.
29. Jensen, a.w. bl. 18.
30. Jensen, a.w. bl. 3.
31. Jensen, a.w. bl. 110.

van etnologiese materiaal sou kon bewys. Jensen self stel as alternatief teenoor die drie rigtinge sy eie opvatting van die Dema-godheid as 'n vierde.

Sonder om op die etnologiese bewysmateriaal in te gaan, is dit weer duidelik dat die gelowige Volkekundige wat hom in die studie van die primitiewe godsdienste interesseer, onmiddellik stelling moet inneem teenoor die uitgangspunt van sowel Tylor as Marett en Preusz. „De ontwikkeling van de thans levende menschheid draagt een degeneratief karakter" sê Visscher.[32] Hier is dus 'n radikale botsing van benaderingswyses. Teenoor die opwaartse gang vanaf 'n preanimisme tot politeïsme en 'n uiteindelike monoteïsme, van die geloof in lewensgeeste tot die in 'n enige God, staan die belydenis van die gelowige Etnoloog dat God Hom in die begin geopenbaar het as enigste waaragtige en ewige drie-enige God en die vermoë aan die mens gegee het om God te ken soos Hy Homself geopenbaar het, maar dat die mens deur sy sondeval ook sy kennis van die ware God vertroebel en verloor het.[33] Hy moet dus die ontwikkelingsgedagte aangaande die religie omkeer: 'n retrogressie en devolusie van die kennis van die drie-enige God, nie deur menslike bedenkinge en geestesskeppinge of psigiese ervaring nie maar deur die Goddelike Openbaring tot allerlei vervaagde onsuiwere, vermenslikte en gedrogtelike herinneringsbeelde en karikature van God, eintlik van 'n god, selfs ook nog van 'n skepping en van 'n sondvloed; van erediens tot kultus, van die reinste Godsdiens tot die afskuwelikste afgodsdiens.

Volgens die Goddelike openbaring in die Heilige Skrif, kan die gelowige Volkekundige dus by die studie van die godsdienste van die volkerewêreld alleen 'n „oermonoteïsme" as uitgangspunt aanvaar. Maar daarmee kan die oermonoteïsme van Lang en Schmidt nie sonder verdere kritiek onderskryf word nie. Die uitgangspunt is korrek, maar die metode en bewysvoering is nie aanneemlik nie. Ons besit die kennis van God nie op grond van etnologiese bewyse of gegewens nie maar op grond van die Openbaring. Uitgaande daarvan pas dit dan die gelowige Volkekundige om na te gaan wat hiervan oorgebly het en hoe dit verander en vertroebel is in die verskeie kulture en onder die verskillende volke.

(iii) Jensen se kritiek.

Waarskynlik nêrens elders tree die invloed van die ontwikkelingsgedagte so sterk op die voorgrond as juis in Jensen se kritiek op die hierbo genoemde teorie oor die ontstaan en ontwikkeling van die religie nie. Sonder

32. Visscher, 4: **Inl. op de Godsdienstgeschiedenis van de Natuurvolken,** bl. 59.
33. **Nederl. Geloofsbel.** artt. I, II, XIV.

bewysvoering aanvaar hy[34]—saam met Schmidt—dat volke soos die Boesmans, die Andamanese en Australiese inboorlinge die oudste bekende volke is, en aangesien spore van 'n monoteïsme hier onbeduidend klein is maar duideliker aan te tref is onder die hoër ontwikkelde volke soos die Hamitiese veetelers „als bei irgindeinem wildbeurterischem Altvolk",[35] is die teorie vir hom nie aanvaarbaar nie. Maar die beskouing dat hierdie volke die oudstes is, berus op hipotese en spekulasie. Indien dit aanvaar word, is Jensen se kritiek in orde. Maar indien die teenoorgestelde aanvaar word —op etnologies ewe sterk of sterker gronde—nl. dat dit in die degenerasieproses waarvan Visscher melding maak,[36] die laagsgesonke volke is, dan is dit juis begryplik dat die opvatting van 'n „oermonoteïsme" hier die onduidelikste sal wees—ja, dat die versonkenheid hier juis so groot sal wees *omdat* die godskennis so erg vertroebel is—en dat die herinneringsbeeld by die hoëre kulture minder vaag en minder verwronge sal wees.

Ewe vatbaar vir die teenoorgestelde verklaring van wat Jensen daaraan gee en afleiding wat hy daarvan maak, is sy eie teorie oor die „Dema-Gottheit". In sy hele rekonstruksie speel die mite en die kultus as oorspronklike uiting van die mens se „Welt-erkenntnis" 'n sentrale rol. Vanuit sy standpunt kan hy nie aanneem dat die oertydmites „oft als Abwandlungen der Paradies-Erzählung bezeichnet worden" maar moet sy konklusie wees: „die Umwandlung der Urzeit-Mythen in Paradies-Erzählungen".[37]

Die uitgangspunt bepaal dus die denkrigting en skema van bewysvoering.

(iv) Konklusie.

Uit hierdie enkele grepe uit die etnologiese oorsprongsteorieë behoort dit duidelik te wees hoedat die aanvaarde uitgangspunt, die wetenskaplike a priori die hele skema, die metode van navorsing, die beredenering, bewysvoering en die konklusies beïnvloed. Ewe duidelik is dit seker ook dat hierdie „Fortschrittsglauben"[38] verantwoordelik is vir 'n volkekundige wetenskapsgebou wat op nie al te hegte fondamente opgerig is nie en dat die geleentheid daar is en die tyd en die materiaal om te bou op die hegte fondament van die openbaringsgeloof.

(e) **Die Skrif en die Volksbegrip.**

By hierdie besondere etnologiese aspekte waarop die Heilige Skrif

---

34. Jensen a.w. bll. 110, 111.
35. Jensen a.w. 61, 112.
36. Visscher, a.w. bl. 59.
37. Jensen, a.w. bll. 131 e.v.
38. Dittmer a.w. bl. 8.

sekere belangrike perspektiewe open, mag dit my vergun word om ten slotte nog één by te voeg. 'n Studie van die volksbegrip en die betekenis daarvan vir die metodologie en ondersoekingsgebied van die Volkekunde het dit nie alleen vir my aan die lig laat kom dat gebrek aan duidelikheid oor die inhoud van hierdie term tot hoogs uiteenlopende volkekundige sisteme aanleiding gee nie, maar dat die navorser op hierdie terrein hom sal moet wend tot die Heilige Skrif vir regstreekse sowel as afgeleide gegewens oor die inhoud en waardering van die begrip. Vir hierdie studie is die samewerking van die Volkekundige en die Teoloog 'n dringende noodsaaklikheid.

## V. CHRISTELIKE VOLKEKUNDE: 'N VERANTWOORDELIKHEID EN VOORREG

Die bespreking van hierdie onderwerp kan uiteindelik nie afgesluit word sonder verwysing na die verantwoordelikheid wat die leuse „in U lig" op die dosent en student van hierdie vak laai nie. Ook die gelowige Volkekundige is in besonder geroepe tot die volle ontdekking van die waarheid met betrekking tot die volke van die wêreld en hulle kulture en die Openbaring van Gods oordele oor en genade aan hulle.

Maar dit behels ook 'n voorreg. Alleen die gelowige volkekundige waarnemer kan bewaar bly van die gewone tweeledige dwaling ten opsigte van die waardering van volke en hulle kulture. Hy sal nie, volgens die voorbeeld van Rousseau, die primitiewe kulture as die ideale gaan beskou nie. Maar hy kan en mag ook nie verval in onderwaardering en onderskatting nie. Almal, ook sy eie volk, staan onder die degenerasieteken van die sonde; wat bereik is en behoue gebly het, is enkel genade. By die aanskouing van die lae, primitiewe kulture moet hy bewoë word deur die diepe tragiek van die sedelik- kulturele verval en retrogressie van die mens, maar by aanskouing en ontdekking van die kultuurrykdomme moet hy tog ook in verwondering staan voor wat God in Sy algemene genade nog in hierdie sondige volke laat nawerk en deur hulle laat bereik het.

## VI. BEDANKINGS

Seergeagte here, voorsitter en lede van die Raad van die P.U. vir C.H.O.: aan u wil ek my hartgrondige dank betuig vir die vertroue wat u in my gestel het om my te roep tot aanvaarding van hierdie hoogleraarskap. Ek het dit aanvaar met vertroue in u oordeel maar terselfdertyd met 'n baie groot mate van huiwering, waaraan ek vanaand uiting wil gee. Dit is u seker nie onbekend nie dat ek my studie in hierdie rigting aangepak het bykomend by my gewone pligte as dosent aan hierdie Universiteit en wel in twee ander vakke. Sodanige studie gaan uit die aard van die saak mank aan vele ge-

breke. Ek het hierdie studie begin bloot uit belangstelling en sonder die minste hoop of verwagting om dit tot my vakgebied te maak. Om onder bekwame wetenskaplike leiding 'n inleiding tot en oorsig van die vak te bekom en enigsins daarin gefundeer te raak ten einde die basiese terminologie, metodologie, denkrigtings en fasette daarvan te kan begryp, was my hoofdoel. Hierdie doel tesame met tydsgebrek het voorkom dat ek my werklik so breed en diep in die feitemateriaal van die Volkekunde kon inwerk as wat ek gewens het. Daarby kon ek, om dieselfde redes, geen geleentheid vind vir intensiewe veldwerk (volgens hedendaagse gebruik by die opleiding van volkekundiges) onder een of ander primitiewe stam vir die bestudering van sy kultuur en lewenswyse nie. Hierdie dinge laat 'n leemte in my toerusting waarvan ek ernstig bewus is.

Des te meer voel ek die huiwering as ek dink aan my hooggeleerde voorganger, prof. Lehmann. Elders het ek reeds onder woorde probeer bring watter waardering hierdie Universiteit aan prof. Lehmann verskuldig is. Om opvolger te word van 'n wetenskaplike van wêreldformaat, met die diepgaande en omvangryke vakkennis, met die toegewydheid, noukeurigheid en deeglikheid—daarvoor voel ek my eintlik te klein. 'n Vorige keer was dit my beskore om 'n ewe illustere voorganger op te volg, t.w. wyle prof. J. C. van Rooy. Waarskynlik te wyte aan my grotere jeugdige oormoed van destyds het ek dit toe met minder huiwering gedoen, aangesien ek destyds seker sterker gefundeer was in die betrokke vak. Vandag staan ek dieper onder die besef van my gebreke, veral soos dit belig word deur die glans van my voorganger se kennis.

Nogtans dank ek u vir die verantwoordelike opdrag. Ek wil probeer om die vakke Volkekunde en Naturelleadministrasie uit te bou in die belydenis van hierdie Universiteit, op hegte wetenskaplike grondslag maar ook tot algemene en praktiese voordeel van elkeen wat in sy lewensroeping besonderlik te doen kry met die nie-blanke volke van ons land, hetsy in administratiewe of beleidvormende funksie, hetsy in die Christelike sending.

En hiermee, hooggeleerde en seergeagte prof. Lehmann, bring ek graag weereens my persoonlike dank aan u as wetenskaplike, as my voorganger en as my leermeester. U besieling vir die vak, u wetenskaplike insig en metode, u toewyding sal my altyd bybly. U kennis sal ek nooit kan ewenaar nie—maar dit sal my strewe wees om die komende geslagte studente in hierdie vak te besiel en te onderlê soos u dit aan my en andere gedoen het. En daarin sal ek trag om u te dank. Mag die geografiese skeiding wat aanstaande is, die bande wat hier gesmee is nie verbreek nie en mag die Here God, in wie se Hande die lewe en lotgevalle van volke en mense is, u seënend

bybly die orige van die lewensdae wat Hy u gun, en mag Hy u verdere arbeid vrugbaar maak.

Aan u, hooggeleerde Rektor van die P.U. vir C.H.O., is ek veel dank verskuldig vir onregstreekse akademiese vorming, maar meer nog vir voortdurende aanmoediging en vir die feit dat u die vrymoedigheid en vertroue gehad het om my vir hierdie verantwoordelike taak aan te beveel. Daarmee het u 'n verantwoordelikheid aanvaar wat u egter ook bind aan my tekortkominge en moontlike toekomstige mislukkings!

Dit is my 'n ernstige behoefte om hier ook dank te betuig teenoor 'n geestelike vader, wyle prof. J. C. van Rooy. Prof. Van Rooy het my ná die P.U. gebring; maar hy het my ook in die P.U. gebring. Aan sy persoonlike en prinsipiële leiding is ek, menslikerwyse, my vorming te danke in die akademiese atmosfeer van hierdie Inrigting, wat vir my, as oud-student van 'n ander Universiteit, dierbaar geword het. Prof. Van Rooy was 'n hoof wat my geoefen het in wetenskaplike vryheid en verantwoordelikheid, by wie ek die geheim van die verbinding van die akademiese en die volle sosiale lewe geleer het. Hy was vir my nie net akademiese hoof en voorganger nie maar ook vertroude vriend en vader.

Ek dink hier met groot dankbaarheid ook aan my oud-leermeester in die Sosiologie, prof. dr. J. de W. Keyter van die Vrystaatse Universiteit. Dit was by uitstek sy inleiding in die probleme van rasse- en kultuur- en volkekontakte as onderafdeling van die sosiologiese studie wat my belangstelling vir die Volkekunde gestimuleer en gelei het tot die aanvang van die studie wat my op hierdie weg gebring het.

Aan my ouers—dit is hulle genadiglik vergun om hierdie dag te beleef en om hier aanwesig te wees—my hoogste hulde en my innigste dank. Van hulle het ek die eerste beginsels van 'n onopgesmukte, eenvoudige Christelike lewe en leer ontvang. Van hulle ook het ek vanaf my jare op die laerskool voortdurende aanmoediging tot en belangstelling in my verdere studie geniet. Meer nog: deur moeilike jare was geen opoffering vir hulle te groot om die weg vir my moontlik te maak nie. Hulle opoffering en hulle geloof was vir al die afgelope jare vir my tot rugsteun.

In die studie van die Volkekunde word besonder baie aandag gegee aan die rol en funksie van die vrou in die stam- en volkslewe. Ek sou my aan onvergeeflike onwetenskaplikheid en nog groter ondankbaarheid skuldig maak indien ek by hierdie geleentheid die rol sou verswyg wat my vrou in my studies gespeel het en indien ek nie by hierdie geleentheid uitdrukking sou gee aan my diepgevoelde dankbaarheid en waardering nie. Daar was dae—aan die begin van my loopbaan hier—toe sy dikwels moes meehelp

aan die voorbereiding van my lesings. Maar dit was veral met die studie in die nuwe rigting, toe sy met 'n vol huishouding en meesal swak gesondheid veel te ontbeer gehad het met 'n man wat ten koste van sy huislike pligte aan sy lessenaar gekluister was en te ly gehad het onder 'n humeur wat veral voor en gedurende eksamentye nie van die allerbeste was nie! Maar onder al die omstandighede was sy my, met stille offervaardigheid, tot steun en bemoediging. Daarvoor eer en dank ek haar!

Elke menslike prestasie is egter wesentlik 'n genadegawe. Aan God die Here, ons barmhartige Vader, kom in eerste en laaste instansie die dank toe vir wat ek mog bereik het. Hy het geroep en gelei. Hy het my die ouers gegee en die vrou, Hy het die geleenthede gegee, gesondheid en krag, sodat wat ek nou ontvang, slegs maar genadeloon is. Daarom kan ek nou ook ter afsluiting getuig dat ek nieteenstaande die huiwering waarmee ek hierdie taak aanvaar, en die eie swakhede waarvan ek bewus is, my wil gee vir hierdie roeping met die geloof dat Hy wat roep, ook die krag daartoe gee, dat Hy bekwaam maak; Here laat dit my geluk „in U lig".!

Dames en Here, ek dank u vir die geduld waarmee u my aangehoor het—nie volgens my eie keuse nie, maar op hoër gesag, waaraan ek die eer vir hierdie geleentheid, maar ook alle gehoorsaamheid in sake van akademiese aard verskuldig is.

——oOo——

## LYS VAN AANGEHAALDE WERKE:

Bakker, F. L.: **Geschiedenis der Godsopenbaring. Het Oude Testament.** Kok, Kampen. MCMLV.

Bellon, K. L.: **Inleiding tot de Vergelijkende Godsdienswetenschap.** Dekker en van de Vegt. 1932.

Boas, F., e.a.: **General Anthropology.** Heath & Co., N.Y., 1938.

Dittmer, Kunz: **Allgemeine Völkerkunde.** Fr. Vieweg & Sohn, Braunschweig. 1954.

Du Toit, J. D.: **Die Bybel is die Woord van God.** F.C.S.V., Stellenbosch. 1941.

Henry, Matthew: **Verklaring van het Oude Testament.** (Vertaling van H. Bavinck). Kok, Kampen. 1912.

Hoebel, E. Adamson: **Man in the Primitive World.** McGraw Hill, N.Y. 1949.

Jensen, Ad. E.: **Mythos und Kult bei Naturvölkern.** Franz Steiner, Wiesbaden. 1951.

Keane, A. H.: **Ethnology.** Cambridge Univ. Press. 1909.

Kroeber, A. L.: **Anthropology.** Harcourt, N. Y. 1948.

Mühlmann, Wilhelm E.: **Geschichte der Anthropologie.** Universitätsverlag, Bonn. 1948.

Radin, Paul: **The Method and Theory of Ethnology.** McGraw-Hill, N.Y. 1933.

Smith, Adam: **An Inquiry into the Nature and Causes of the Wealth of Nations.** George Bell, London. 1905.

Visscher, H.: **Inleiding op de Godsdienstgeschiedenis van de Natuurvolken.** Ruys, Utrecht. s.j.